Teksgedeelte: Romeine 11:33-12:8

Teksvers: Romeine 12:1-2

Tema: Die genade van God dring ons om lewende offers te wees deurdat Hy ons verander.

Het jy al ooit daaraan gedink dat jy vir maande aaneen in eredienste kan sit, maar in werklikheid is jy glad nie besig om God werklik, met oorgawe, te dien nie? Ons het `n geskiedenis van stry en baklei oor hoe eredienste moet lyk. Ons kan lekker redekawel oor wat gesing moet word en nie gesing moet word nie, hoe ons eredienste moet lyk, wanneer daar gebid mag word, hoe Nagmaal gevier moet word en die lys gaan aan. Tussen al hierdie redenasies deur is ons só besig met hierdie uiterlike dinge, dat ons in werklikheid meer fokus op wat ons as mense wil hê, of nie wil hê nie, as wat ons fokus op wat God wil hê. Ons is soms meer gesteld op menslike reëls en regulasies en minder op die eer wat God moet toekom.

Ander kere is daar weer die ontnugtering om op `n dag hierdie besef te hê dat daar meer aan geloof moet wees as bloot eredienste op `n Sondag. Is dit wat ons tydens eredienste doen, werklik die toppunt van wat God beplan het vir Sy kerk? Het Hy ons van die ewige dood verlos om ons Sondae op harde kerkbanke deur te bring?

Om God te dien is nie `n saak vir `n Sondag of net vir `n erediens nie en eredienste is ook nie die toppunt van aanbidding nie. Dit is wat Paulus hier deeld wil tuisbring. Om God werklik te dien is `n lewenstyl. Dit is `n lewenstyl wat getuig van die grootheid van God en oor die almag van God. Dit is `n lewenstyl waarin ek myself as `n lewende en heilige offer gee wat vir God aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat ons moet beoefen. Dit beteken dat ek aan myself sal sterf en vir God sal lewe. Om myself te offer beteken dat elke dag sal ophou om my eie belange voorop te stel en meer aan God die eer te bring.

Maar om myself as `n lewende en heilige offer aan God te gee, vloei uit die feit dat ek verstom staan oor Wie God is en wat Hy doen. Ware aanbidding en ware godsdiens volg op openbaring. Ek kan God net werklik dien en werklik aanbid wanneer ek verstom staan dat Hy Homself aan my bekend maak – en nog meer, dat Hy Homself aan my verbind. Dit is hoekom Paulus praat van die “groot ontferming van God” waarop hy `n beroep doen. Hierdie opdrag wat Paulus aan die gelowiges gee, volg juis op hierdie loflied in Romeine 11:33-36, want dit is net wanneer ons die grootheid van God se genade en koningskap begin begryp, wat ons Hom met oorgawe sal wil dien.

Daarom dat ons gemeente, in ons soeke na God se wil vir ons gemeente, by Hom moet begin. Daarom dat ons deur die Woord van God gedryf en op Christus gefokus moet wees. Ons moet opnuut verwonderd staan oor die grootheid en koningskap van God, oor die wonder van die verlossing wat daar vir ons in Christus is, oor die

genade wat God vir ons sondaars het en dat ons Hom werklik kan ken – nie net as God nie, maar as Vader.

Maar hoe gemaak wanneer ons dan op `n punt kom waar ons werklik God weer opnuut leer ken en waar ons onsself wil gee as lewende en heilige offers? Hoe kan ons onsself gee as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is?

Soos ons hier hoor is ware aanbidding en ware godsdiens `n lewenstyl wat volgens Paulus twee spesifieke eienskappe bevat. Eerste is dat ek voordurend deur God verander word. Twee dat ek my gawes sal gebruik tot die opbou van die kerk.

Dit is `n lewensstyl waarin God my weer en weer verander deurdat my denke nuut gemaak word. Dit is slegs wanneer God ons denke nuut maak en ons nie gelyk word aan hierdie sondige wêreld nie, wat ons werklik `n lewendige en heilige offer vir Hom kan wees.

Om nie gelyk te word aan die sondige wêreld nie, beteken nie dat ek bloot maar net die teenoorgestelde moet doen as die wêreld nie. Ek kan presies die teenoorgestelde van die wêreld doen en nog steeds nie God dien nie. Al wat dan gebeur is dat ek verstoot word deur die wêreld, sonder dat ek God werklik ken. Daarom dat Paulus sê dat ons nie gelyk aan die wêreld moet word nie, maar dat God ons denke moet vernuwe.

Dit is net wanneer God ons denke vernuwe, wat ons sal kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. Paulus roep ons dus hier op om God eerstens beter te leer ken en dat ons dan daardeur sal besef wat Sy heerskappy van ons vra. Dit is dus `n opdrag wat Paulus vir ons gee en hierdie opdrag vra van ons dat ons deur gebed God sal smeek dat Hy deur sy Heilige Gees in ons sal werk, sodat die Heilige Gees sy wil aan ons bekend sal maak en dat sy Heilige Gees ons sal leer hoe Hy wil hê ons in ons omstandighede só moet lewe dat God geëer sal word.

Ons, as gemeente, moet dus vervul wees met die Heilige Gees, want dit is juis die Heilige Gees wat deur ons werk! Dit is die Heilige Gees wat ons leer wat om te sê, hoe om op te tree en aan ons die gawes gee om mekaar te bedien. Dit is die Heilige Gees wat ons in staat stel om kragtige getuies tot die eer van God te wees. Juis om hierdie rede moes die dissipels wag op die uitstorting van die Heilige Gees voor hulle kon begin om die evangelie uit te dra. Sonder God is ons werklik tot niks in staat nie en daarom dat werklike aanbidding begin wanneer ons verstom staan oor Wie God werklik is. Dit is alleen dan wat ons sal besef hóé nodig dit is vir verandering – verandering waarin ons God eer, waarin ons meer en meer sal kerk wees tot Sy eer.

Maar ware aanbidding en verandering is `n lewenstyl waar ek as `n lewende lid van die gemeente my gawes gebruik in ooreenstemming met die maat van geloof wat God vir my gegee het. Juis om hierdie rede dat Paulus hier praat oor die genadegawes wat God aan die kerk gegee het en dat ons hierdie gawes moet

gebruik. Om my gawes te gebruik, as deel van die kerk, is deel van die offer wat vir God aanneemlik is. Daarom dat Hy ons deel gemaak het van die liggaam van Christus. `n Liggaam kan immers net groei wanneer al die organe saam werk en saam gee.

Juis om hierdie rede dat Paulus ons in vers 3 waarsku dat ons nie meer van onsself behoort te dink nie. Ons moet beskeie wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen gegee het. Ons kan maklik sê dat dit beteken dat ons nie opdringerig moet wees nie. Ons moenie ons stem wil dik maak en alles op straathoeke uitskree nie. Jy kan egter ook meer van jouself dink as wat jy behoort te dink deur bloot stil te bly! Jy kan ook jouself belangrik ag en te veel van jouself dink wanneer jy nie jou gawes aanwend nie. Om te swyg oor die gawes wat God jou gegee het, is net soveel van `n sonde as om daarmee te loop en *brag.* In beide hierdie gevalle gaan dit dan nogsteeds meer oor wat jy graag wil hê en die eer wat jy wil hê, as die eer wat aan God moet toekom.

Gee daarom jouself as lewende en heilige offer wat vir God aanneemlik is, nadat jy Hom werklik leer ken het. Gee jouself as `n lewende en heilige offer deurdat jy vir God smeek en vra om jou te verander deur jou denke nuut te maak.  Gee jouself as `n lewende en heilige offer deurdat jy jou gawes sal gebruik om ander op te bou in die geloof. Dit is die wesenlike van ons godsdiens wat ons moet beoefen. Dit is ware aanbidding – `n lewenstyl wat getuig van en gedryf word deur die groot genade-dade van God ons Vader!

Amen.